


Eanette Maass se "Sonopkoms".

# Fotograwe skitter met nagfotografie

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur fotograwe, gaan van krag tot krag en aan die uitstekende inskrywings van die onlangse klubaand, kan mens sien fotograwe kan weer vrylik rondbeweeg om foto's te neem.

Die klub het onlangs sy klubaand gehou waartydens die tema "Nagfotografie" was.

Dié tema is nie maklik nie en is tegnies uitdagend, maar die foto's het tot heelwat kopkrap vir die drie beoordelaars gelei.

In die senior-afdeling (4, 5 Ster en hoë graderings) was Johan Joubert se "Mabua skyline" die wenner en algehele wenner, terwyl Eanette Maas se "Groet die dag" die wenfoto in die junior-afdeling (1-3 Ster) was.

In die monochroom was Johan Joubert weer die senior en algehele wenner met "Zebra fight". Leanie Hattingh se "Vinkel en Koljander" is die junior wenner. Johan se foto is ook as wenfoto van die aand aangewys.

In die ope-afdeling waar enige foto vertoon mag word, was Francois Roux se "Geelbek bad" die senior- en algehele afdeling-wenner.

Rika Schoeman se interessante "Three of us" is as junior wenfoto aangewys.

In die selfoonfoto-afdeling is Eanette Maas se "Sonopkoms" die wenfoto.

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging bied ook elke maand 'n aanlyn kompetisie vir lede aan. Hierdie foto's kan almal op die klub se amptelike webtuiste http://www.vdbp-photo.org/ besigtig word. Rensia Fourie se "Three paddlers" was hier die wenfoto.


Die volgende klub byeenkoms vind plaas op 22 April en die maandonderwerp is "Foto Joernalistiek."

Die klub nooi alle belangstellendes om aan te sluit. Die klub kom elke derde Vrydagaand van die maand om 18:30 by Klip River Estates, Vereeniging, byeen.

***Kontakpersoon: Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za***

***Webtuiste http://www.vdbp-photo.org***

***Facebook https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub.***



Francois Roux se "Geelbek bad".



Johan Joubert se "Zebra fight".



Rensia Fourie se "Three paddlers".



Johan Joubert se "Mabua skyline".

